# HOOFSTUK 1

# PROBLEEMSTELLING, DOEL, METODE EN PROGRAM VAN ONDERSOEK

## 1.1 Probleemstelling: oriëntering

Kinders wat tot formele onderwys toetree, bevind hulle in 'n nuwe omgewing onder totaal nuwe omstandighede wat baie aanpassings van hulle vereis (Kruger, 1991a:102). Waar opvoeding en leer tot dusver informeel was en deur ouers as primêre opvoeders tuis geïnisieer is, stel die skool as formele opvoedingsinstansie nuwe voorwaardes waaraan die kind moet voldoen om suksesvol te kan vorder. Olivier (1984ii:106-107) wys op die noodsaaklikheid dat die oorgang van kleuter tot skoolkind geslaagd moet wees. Suksesvolle aanpassing by die nuwe formele skoolsituasie waarborg nie slegs goeie skoolvordering nie, maar speel ook 'n rol in die uiteindelike bereiking van volwaardige volwassenheid (Olivier, 1986a:163). Aangesien skooltoetrede 'n drastiese verandering in die kind se lewe meebring, is dit moontlik dat hierdie gebeurtenis nie altyd vir alle kinders probleemvry verloop nie (Engelbrecht *et al.,* 1986:62).

Vir optimale sosiale en intellektuele groei het skoolbeginners ferm leiding nodig. Daarnaas is hulle afhanklik van 'n warm, aangename klasatmosfeer waar die onderwyseres hulle veilig laat voel (Grové & Hauptfleisch, 1990:4; Derbyshire, 1991b:194). Dit kan gebeur dat skoolbeginners by 'n beginneronderwyseres geplaas word, wat as gevolg van haar beperkte ervaring in die beroep angsgevoelens ervaar. Dit kan tot gevolg hê dat sy in haar optrede oorreageer teenoor skoolbeginners (Grové, 1984:84). Klasgroepe van 35 en meer kan ook 'n oorsaak wees dat 'n onderwyser nie voldoende tyd het om behoorlik in elke leerling se leerbehoeftes te voorsien nie.

Om suksesvolle leer en skoolvordering by die skoolbeginner te verseker, impliseer dat die kind gereed moet wees om aan die skoolaktiwiteite te kan deelneem. Grové (1984:1) beklemtoon dat optimale gereedheid by die kind verseker dat hy die hoogs moontlike sukses en voordeel uit die skoolprogram en skoolopvoeding sal kan trek.

Hoewel tydens die eerste aantal skoolweke van graad i 'n skoolgereedmakingsprogram gevolg word met die oog op die optimale skolastiese vordering van skoolbeginners, blyk dit uit eie ervaring dat almal ongelukkig nie daarby baat nie. Daar is faktore wat van die leerlinge persoonlik raak, soos byvoorbeeld milieugeremdheid, fisieke probleme en swakbegaafdheid. Hierdie toedrag van sake kan veroorsaak dat die betrokke leerlinge in so 'n mate nadelig beïnvloed word, dat hulle nie by skooltoetrede skoolgereed is nie (Grové, 1984:53).

Leerprobleme kom daarom reeds by skoolbeginners voor en kan in sekere gevalle reeds gedurende die junior primêre skoolfase ernstige afmetings aanneem (Van Niekerk, 1978:68). Vanweë sy professionele geskooldheid en daaglikse omgang met die kind, is die onderwyser in 'n

gunstige posisie om gedrags- en leeruitvalle op te merk, self te probeer hulp verleen en indien nodig, aan te meld vir meer intensiewe hulpverlening (Kapp, 1991:36).

Om te voorsien in die behoeftes van skoolbeginners, het Grové en Hauptfleisch (1982:23-264) 'n skoolgereedheidsprogram saamgestel wat in die eerste tien weke van graad i aangebied kan word en wat behoort te help om 'n aanknopingspunt vir die aanvang van formele onderrig te vorm. In die daaglikse beplanning is daar spesifiek voorsiening gemaak vir **musiekaktiwiteite**.

Kleuteropvoeders maak ook gebruik van **musiek** in hulle opvoedingsprogramme wat skooltoetrede direk voorafgaan. Grobler (1990:13) beklemtoon dat 'n kleuter in sy totaliteit by musiek betrokke is deur waarneming, eksperimentering en selektering deur middel van die interpretasie van klank, nadat dit sintuiglik waargeneem is. Kinders wat die geleentheid kry om met klank te eksperimenteer en wat musiek in hulle daaglikse lewe ervaar, verkry 'n nuttige agtergrond vir leer (Nye, 1979:5). Volgens Nye en Nye (1985:90) voorsien musiek groter soepelheid op alle vlakke van prestasie as ander vakke: op konkrete sowel as op abstrakte vlakke. Ook kognitiewe, affektiewe en psigomotoriese ontwikkeling van kinders baat by musiek. Klasmusiek kweek ook sekere ontwikkelingsvaardighede by die kind aan, soos koördinasie, motories-sensoriese vaardighede, ouditiewe persepsie, vlotheid van spraak, intrinsieke ritmiese sekerheid en sosiale vaardighede (Birkenshaw, 1982:xiv). "Children who have had many opportunities to experiment with sound and to use music in their daily activities have usually acquired a helpful background for classroom experiences" (Nye, 1979:5). Volgens De Kock (1989:viii) moet die aanbieding van klasmusiek nie gesien word as 'n doel op sigself nie, maar "as a tool for making the learning experience a more enjoyable one." Al die genoemde outeurs heg dus 'n besondere waarde aan musiekaktiwiteite in die ontwikkeling van kinders.

Die voorafgaande toeligting laat blyk dat nié alle skoolbeginners na afloop van die reeds bestaande skoolgereedheidsprogram gereed is vir formele skoolonderrig nie. Daar kan dus behoefte bestaan aan die ontwikkeling en aanbieding van 'n aanvullende program wat aan die begin van die tweede skoolkwartaal 'n aanvang neem. Die aanbieding van die aanvullende skoolgereedheidsprogram kan oor 'n tydperk van ses skoolmaande (skoolvakansies uitgesluit), strek.

Die inhoud van so 'n aanvullende program sal bepaal word na aanleiding van leemtes wat gedurende die eerste skoolkwartaal, tydens die aanbieding van die bestaande skoolgereedheidsprogram én direk na afloop daarvan, na vore kom. Indien 'n aanvullende program ontwikkel en aangebied word, sal dit sinvol wees om die aannames en werkwyse van die reeds genoemde kleuteropvoeders as grondslag te gebruik. Die program sal gevolglik die vorm van 'n verrykte klasmusiekprogram aanneem.

Na aanleiding van die voorafgaande probleemberedenering, blyk die probleem van hierdie navorsing te wentel rondom die volgende vrae:

* Watter faktore beïnvloed skoolbeginners by skooltoetrede en tydens die verloop van die eerste skooljaar?

* Wat is die moontlikhede van 'n verrykte klasmusiekprogram vir hierdie leerlinge?

* Kan 'n verrykte klasmusiekprogram skolastiese vordering en meer spesifiek **leer optimaal positief** beïnvloed?

## 1.2 Doel van die ondersoek

Hierdie navorsing het ten doel om:

(i) aspekte vanuit die literatuur oor die vereistes vir optimale leer te identifiseer, asook;

(ii) vas te stel watter faktore wat skoolbeginners se skooltoetrede en die verloop van die eerste skooljaar beïnvloed;

(iii) moontlikhede van 'n verrykte klasmusiekprogram na te gaan met die oog op die onderrig-aanvulling van skooltoetreders;

(iv) 'n verrykte klasmusiekprogram te ontwikkel, wat **optimalisering van leer** behoort te bewerkstellig;

(v) sodanige program in die praktyk te toets en die resultate daarvan te bepaal.

## 1.3 Navorsingshipotese

Navorsingshipoteses wat getoets sal word, is die volgende:

(i) Interne en eksterne faktore beïnvloed die skolastiese vordering van skoolbeginners by skooltoetrede asook optimalisering van leer gedurende die eerste skooljaar.

(ii) Klasmusiekonderrig volgens die gr. i-sillabus het geen of weinig beduidende invloed op die skolastiese vordering van skoolbeginners.

(iii) 'n Verrykte klasmusiekprogram beïnvloed die skolastiese vordering van skoolbeginners positief.

## 1.4 Metode van ondersoek

Die studie val uiteen in 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek.

### 1.4.1 Literatuurstudie

Agtergrondkennis van die wese van opvoeding, leer en onderrig, faktore wat leerlinge se skooltoetrede beïnvloed en die moontlikhede van 'n verrykte klasmusiekprogram, sal verkry word deur bestudering van gesaghebbende bronne - plaaslik en internasionaal.

'n DIALOG-soektog is onderneem. Die volgende "sleutelwoorde" is geïdentifiseer: skoolbeginners; graad i; aanvangsonderrig; optimalisering van leer; skoolvordering; klasmusiek en verrykingsprogramme.

Die bestudering van hierdie literatuur behoort reeds aan die navorser van die moontlikhede van die voornemende empiriese ondersoek bloot te lê.

### 1.4.2 Empiriese ondersoek

In die empiriese ondersoek sal die meetinstrumente wat gebruik word, vervolgens toegelig word.

Ten opsigte van die vasstelling van die betrokke leerlinge se verstandelike vermoëns sal die NB-Groeptoets **(I.K.-toets)** vir 5/6-jariges en 7/8-jariges gebruik word. Die toets word by alle leerlinge betrokke by die projek (in die eksperimentele asook in die kontrolegroep) deur 'n gemagtigde persoon van Hulpdienste, na verkryging van die nodige toestemming, eenmalig aan die begin van die program afgeneem. Die hoofdoel hiervan is om te bepaal of al die leerlinge wel beskik oor genoegsame intelligensie, om skolasties te vorder. Dit moet ook as bewys dien dat die eksperimentele groep se beter skolastiese vordering nie moontlik aan 'n hoër I.K. by dié leerlinge toegeskryf kan word nie.

'n **Skoolgereedheidstoets** (deur die navorser ontwerp en afgeneem) is saamgestel om te bepaal wat elke spesifieke leerling se moontlikhede en/of tekorte is vir die gebruik by die ontwerp van 'n opvoedkundig verantwoordbare verrykte klasmusiekprogram. Met hierdie toets word elke proefpersoon se **sintuiglike waarneming, taalbekwaamheid en perseptueel-motoriese vaardighede** bepaal.

Dié toets word vóór die programaanbieding by die eksperimentele en kontrolegroepe afgeneem. Na afloop van die verrykte klasmusiekaanbieding aan die eksperimentele groep en 'n gewone klasmusiekaanbieding aan die kontrolegroep, word dieselfde toets met alle leerlinge herhaal om te bepaal of enige verandering ten opsigte van optimalisering van leer waargeneem kan word. Op grond van die bevindings kan daar tot bepaalde gevolgtrekkings en moontlike aanbevelings gekom word.

Die stand van die leerlinge se skolastiese prestasie vóór en ná die programaanbieding, sal van klasonderwyseresse verkry, bestudeer en aangeteken word, om moontlike vordering hierin te bepaal.

Tydens hierdie navorsingsprojek sal die ondersoeker naas die inwin en verwerking van statistiese gegewens (kwantitatiewe navorsing) ook van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik maak, ten einde 'n vollediger beeld van die leerlinge se skolastiese en persoonlike vordering, wat optimalisering van leer raak, te bekom (vgl. hfst. 6). **Kwalitatiewe navorsing** behels volgens Mouton en Marais (1992:159) sistematiese en doelgerigte waarneming deur die navorser van die gedrag van die proefpersone. Hierdie metode is veral geskik vir jong skooltoetreders, aangesien genoegsame en betroubare **kwantitatiewe** navorsingsgegewens ten opsigte van hierdie leerlinge nie altyd verkry kan word nie (vgl. 6.1).

Die proefpersone wat by die navorsingsprojek betrek word, is alle graad i-leerlinge by 'n primêre skool in Transvaal (met Afrikaans as moedertaal) van die betrokke jaar waarin die ondersoek gedoen word. Hulle word op 'n ewekansige alfabetiese indeling in twee groepe verdeel op die volgende wyse: Vanne en voorletters van al die leerlinge word op een alfabetiese lys aangebring en terselfdertyd genommer. Van no. 1, 3, 5 en verdere vanne by ongelyke nommers dui, dan die name van leerlinge in die eksperimentele groep aan. Die vanne van leerlinge wat by gelyke nommers verskyn, vorm die kontrolegroep (De Wet *et al.,* 1981a:33; Huysamen, 1987:11 en Smit, 1993:16).

Aan die eksperimentele groep word die verrykte klasmusiekprogram gebied, terwyl die kontrolegroep slegs gewone klasmusiekonderrig volgens die sillabus vir graad i ontvang. Die aanbieding strek oor 'n tydperk van ses skoolmaande (vakansies uitgesluit).

Die totale getal proefpersone is N = 56 - dus 28 per groep.

Student t-toetse vir afhanklike en onafhanklike veranderlikes sal gebruik word om die resultate van die twee groepe te vergelyk.

## 1.5 Verloop van die ondersoek

Ná hierdie inleidende hoofstuk, word in die volgende hoofstuk gekonsentreer op aangeleenthede aangaande opvoeding, leer en onderrig. Leerbeskouings, leervorme, geheue, intelligensie, kreatiwiteit asook begaafdheid word toegelig. Ekspressie- en projeksiemoontlikhede deur middel van kinderspel en -tekeninge word ten slotte uiteengesit.

In Hoofstuk 3 word stilgestaan by faktore wat leerlinge met skooltoetrede beïnvloed. Dit sluit faktore in wat die volgende betrek: die leerlinge, die skool, opvoedingsfoute asook die eietydse samelewingsinvloede.

Die moontlike bates wat musiekonderrig aan skoolbeginners deur middel van 'n verrykte klasmusiekaanbieding kan bied, word in Hoofstuk 4 beredeneer.

Die aanbieding van die verrykte klasmusiekprogram word in Hoofstuk 5 bespreek, waarna die resultate in die ondersoek behaal, in Hoofstuk 6 toegelig word.

Ten slotte word in Hoofstuk 7 'n samevatting, gevolgtrekkings asook aanbevelings verstrek, na aanleiding van die programaanbieding.